Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton
Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

---

12 April 2021

Vir aandag: Leraars, kerkkantore, kerkrade en gemeenskapsleiers

Geagte vriende,

PADBERADE 2021: GESELS SAAM OOR FATHERS MATTER EN DIE BEDIENING (ZOOM-SKAKEL INGESLUIT)

Gemeentes word versoek om hul **predikante, kantoorpersoneel, opvoedkundiges / onderwysers, maatskaplike werkers en jeugbedienaars, kategete en ander bedieningsleiers** by vanjaar se padberade te laat inskakel. Dit vind op die Zoom-platform plaas – die skakel word later in hierdie skrywe geplaas.

Die **datums** is 19, 20, 21 en 23 April 2021 – sien die **indeling** later in die skrywe.

Skryf asb. ook aanlyn in (indien jy nog nie het nie), en **skryf ook ander deelnemers in** – hier is die skakel: https://forms.gle/SVDdtVYac2NVcUUD7

INHOUD

'n Belangrike inset handel oor *Fathers Matter*, die uitgebreide program van Heartlines wat op die verantwoordelike rol van vaders in die huwelik, gesin en familie fokus. Ds Seth Naicker, 'n VGK-leraar en Heartlines medewerker, gaan 'n bruikbare inset maak waarmee gemeentes verder kan werk. (Seth kom om 09:25 aan die woord – onderwysers en maatskaplike werkers kan bv. net vir hierdie gedeelte – sowat 'n uur lank inskakel).

Heartlines volg 'n waardegedrewe benadering en werk ook met storievertel. Baie gemeentes het in die onlangse verlede wonderlike resultate met hul "*What's your story?*"-inisiatief beleef.

Fathers matter word ontwikkel op grond van goeie navorsing (klik hier) en word as volg gemotiveer:

In South Africa, the majority of children grow up in homes without fathers. The nuclear family, as defined by Western culture (mom, dad and children), is not the norm. Unemployment is prevalent and the ability to earn money is often limited. Men are expected to provide financially despite their employment status and women are seen as the primary caregivers. Many men are often absent within the home and in caregiving roles. This is because they either do not live in the same house as their children (physical absence) or they are unable to be involved or engaged in their day-to-day routines and experiences (emotional absence) — or both. As a result, the reality for a large number of South African children is one of father absence.

A lack of positive and active presence of men in their lives puts children at risk. Global literature highlights that children who grow up without such fathers or father-figures are at an increased risk of becoming victims or perpetrators of violence, mental illness, substance abuse, teenage pregnancy and poor educational and economic outcomes. It's important to note, however, that this is a risk, not a foregone conclusion. It's also not to say that the role of single mothers is appreciated any less.

Kyk gerus ook na die bekendstellingsvideo en rigtinggewende insette.

Dan sal ons ook aandag aan mekaar en ons verhale, die gebeure en wedervaringe van gemeentes en die bediening gee.

TYDRAAMWERK

Die byeenkoms begin om 09:00 en Seth Naicker sal sy inset teen 09:25 lewer. Onderwysers en ander is welkom om vir hierdie deel van die gesprek in te skakel en kan daarna weer uit die aanlynbyeenkoms vertrek. Die padberade sluit om 12:00 af.

Teken solank die datum waarop jou ring aan die beurt kom aan, en kommunikeer die datum met die kerkraad en bedieningsleiers in jul gemeente:

Maandag, 19 April 2021 (09:00 - 12:00)
Ringe van Algoa, Uitenhage en Cradock

Dinsdag, 20 April 2021 (09:00 - 12:00)
Ringe van Burgersdorp, Port Elizabeth en Sondagsrivier

Woensdag, 21 April 2021 (09:00 - 12:00)
Ringe van Humansdorp, Graaff-Reinet en Oos-Londen

Vrydag, 23 April 2021 (09:00 - 12:00)
Ringe van Albanie, Port Elizabeth-Wes en Dordrecht

ZOOM-SKAKEL

Sinode Oos-Kaapland is inviting you to a scheduled Zoom meeting.

Topic: Padberade 2021
Time: 19, 20, 21, 23 April, 09:00-12:00

Join Zoom Meeting
https://us02web.zoom.us/j/87565785074?pwd=a3BBTUtWU1h4ZkFDcGxRTlcydFZUQT09

Meeting ID: 875 6578 5074
Passcode: 439961

SKRYF IN

Ons vra ook dat almal wat deelneem aan die spesifieke padberaad aanlyn inskryf. Die padberade is vanjaar gratis, maar ons wil graag weet wie gaan deelneem.

Klik hier om in te skryf: https://forms.gle/SVDdtVYac2NVcUUD7

Sterkte met julle werk!

Met beste wense,

Ds Danie Mouton
Direkteur Sinode